



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

e-Matieland

SOMER 2016 • #4

UIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Met 2016 wat ten einde loop, is ons dankbaar vir die vele suksesse wat gedurende die jaar behaal is, dog terdeë bewus van die uitdagings waarvoor ons nog staan.

In hierdie uitgawe vier ons Maties wat voortgaan om deur filantropiese skenking in die toekoms van ons land te belê, en wat sodoende 'n positiewe verskil in die lewens van die jong leiers van môre maak. Ons bring ook hulde aan diegene wat oor 'n wye verskeidenheid gebiede heen uitblink het, van sport tot navorsing, innovasie, tegnologie en entrepreneurskap.

Ons sê graag dankie aan ons eie Johann Aspeling, wat uittree as Registrateur, vir sy jare lange uitsonderlike lojaliteit, toewyding en diens aan die Matie-gemeenskap.

Ten slotte sien ons uit na Tuiskomsnaweek 2017, wat van 2 tot 6 Maart 2017 op die Stellenbosch-kampus plaasvind. Ons hoop jy sluit by ons aan.



Stellenbosch University
Alumni (Maties) and
Friends



[www.facebook.com/
stellenboschalumni](https://www.facebook.com/stellenboschalumni)



[www.twitter.com/
SU_Alumni](https://www.twitter.com/SU_Alumni)



YouTube



alumni@sun.ac.za



www.sun.ac.za/afrikaans/alumni



NUUS in kort

US vier uitnemendheid



Die Studenteraad het Nokwanda Malumbete, direkteur by Malumbete Van Niekerk Ingelyf en LLB-gegradueerde van die US, aangewys as ontvanger van die Toekenning vir Uitsonderlike Alumnus tydens die jaarlikse Rektorstoekennings. "Ek wil graag met die vrouens in die gehoor praat – jonk en oud," het sy gesê. "Moet asseblief nie die rol wat jou teenwoordigheid as vrou tot die wêreld bydra, onderskat nie. Om jou plek in die wêreld te vind

en jou uitnemendheid in Suid-Afrika te aanvaar is om eienaarskap te neem van 'n dimensie van mag wat jou in staat sal stel om die weg te baan vir ander vrouens wat na jou sal volg."

Rektor ontvang eregraad



Prof Wim de Villiers het 'n eregraad van Coventry Universiteit in die VK ontvang. Die graad, Doktor in die Wetenskap, honoris causa, is aan hom toegeken ter erkenning van sy akademiese leierskap en werk as geneesheer en navorser in die mediese wetenskap.

Google SA se McKend inspireer studente by eerste Loopbaankafee

Luke McKend, 'n BA alumnus en nasionale direkteur van Google SA, was die eerste spreker by ons Loopbaankafee (*Careers Café*) wat onlangs geloods is. Die Alumni-betrekkingskantoor het die Loopbaankafee gevestig om studente te help voorberei op die beroepe wat hulle beoog. Dit gee terselfdertyd ook vir alumni die geleentheid om hul tyd en vaardighede aan te bied om studente werksgereed te maak.

Tydens die eerste in 'n reeks "kafees" wat beplan word in fakulteite regoor die universiteit, het Alumni-betrekkings en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe saamgespan vir 'n TedTalk-tipe praatjie wat deur byna 200 studente bygewoon is.

- Klik hier vir fotos van die geleentheid.



Konvokasie-vergadering in Januarie

Lede van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch word uitgenooi na die jaarvergadering van die Konvokasie op Donderdag, 26 Januarie 2017 om 19:00. Die geleentheid vind plaas op Stellenbosch by die Paul Roos-Sentrum, Paul Roos Gimnasium.

- Vir meer inligting kontak konvokasie@sun.ac.za.

Gebeure

19 Januarie 2017
Verwelkoming van eerstejaars
E-pos: mjoyce@sun.ac.za
Tel: 808 4585

26 Januarie 2017
Konvokasie Jaarvergadering
Web: <http://bit.ly/1INhzBU>
E-pos: konvokasie@sun.ac.za

30 Januarie 2017
FNB Varsity-beker
Tel: 021 808 3802

2 - 6 Maart 2017
Tuiskoms-naweek
Web: <http://www.matiesalumni.com>
E-pos: alumni@sun.ac.za
Tel: 021 808 9265

NUUS in kort

Innoverende navorsing oor obsessief-kompulsiewe steuring

'n US-navorsers gebruik 'n navorsingstoekenning om 'n nuwe behandelings-metode te ondersoek wat hopelik sal help om die simptome van obsessief-kompulsiewe steuring (OKS) beter te beheer.

Prof Christine Lochner, van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het onlangs die Navorsingstoekenning vir Gevestigde Navorsers ontvang van die Biologiese Psigiatrie Spesiale Belangegroep van die Suid-



Afrikaanse Vereniging vir Psigiaters. Dit stel haar in staat om innoverende navorsing oor OKS te doen.

"OKS is 'n inperkende toestand wat 'n geweldige negatiewe uitwerking op mense se lewenskwaliteit


het. Dit het 'n voorkomssyfer van twee tot drie persent en slegs sowat die helfte van mense wat hierdie psigiatrisie siekte het, reageer goed op behandeling," verduidelik Lochner.

Akademie vereer US-kundiges

Akademici verbonde aan die Universiteit Stellenbosch is oudergewoonte deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hul bydraes tot die wetenskap en kunste vereer. Die ontvangers

is prof Stephanus Muller van die Departement Musiek, prof Louise Viljoen en dr Willem Anker van die Departement Afrikaans en Nederlands, prof Michael Samways van die Departement

Bewaringsekologie en Entomologie, prof Adriaan Reinecke en prof Sophie Reinecke van die Departement Plant- en Dierkunde en 'n oudstudent van die Universiteit, me Mia van Wyk.



'FeesMustFall-veldtog kan transformerend wees'



Die FeesMustFall-veldtog kan transformerend wees mits studente, die regering en universiteite bereid is om op 'n sinvolle wyse met mekaar in gesprek te tree ten einde blywende oplossings te vind, glo Regter Sisi Khampepe van die Konstitusionele Hof. Sy

het onlangs die 12de jaarlikse Menseregte-lesing van die Fakulteit Regsgeleerdheid gelewer.

Khampepe het gesê studente, die regering en universiteite moet ten spyte van onderlinge verskille met mekaar praat omdat sinvolle interaksie as 'n transformerende proses dit vereis. Sy het bygevoeg dat transformasie sonder sinvolle interaksie slegs leë retoriek is.

"Sinvolle interaksie bemagtig individue om op konstruktiewe wyse oplossings te vind waarby almal baat."

"Studente se eise vir 'n

verandering in die onderwysbeleid kan slegs transformerend wees as ons sinvolle interaksie toelaat en indien ons bereid is om na 'n pluraliteit van stemme te luister en 'n poging aan te wend om aan dié stemme reg te laat geskied.

"Alle betrokkenes moet aan noodsaaklike gesprekke deelneem met die voorneme om blywende oplossings te vind, nie oplossings wat môre se probleem mag wees nie. Ons moet 'n intense vasberadenheid hê om tot 'n besluit te kom wat alle belangegroep tevrede sal stel."

NUUS in kort

Tonia Overmeyer is nuwe Studentedekaan

Die Universiteit Stellenbosch het 'n nuwe aanstelling in die herbedinkte pos van Studentedekaan verwelkom. Me Tonia Overmeyer, voormalige waarnemende Direkteur van die Sentrum vir Studente-ondersteuningsdienste aan die Universiteit van Wes-Kaap, wat oor baie jare se ervaring in studente-ontwikkeling, bestuur en leierskapsomgewing in hoër



onderwys beskik, is onlangs in die pos aangestel. Prof Wim de Villiers het gesê hy is baie opgewonde om me Overmeyer in die US-familie te verwelkom. "Ek is vol vertroue dat die Universiteit Stellenbosch geweldig sal baat by

haar uitgebreide ondervinding in studente-interaksie, ondersteuning en leierskapontwikkeling. Haar aanstelling sal daartoe bydra dat die stem van studente gehoor word."

Alumnus aangestel as Tennisfederasie-bedryfshoof



Die Internasionale Tennisfederasie het aangekondig dat Kelly Fairweather, 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch, op 1 Januarie 2017 diens aanvaar as die organisasie se

Bedryfshoof. Hy neem die leiers oor by Juan Margets.

Fairweather is tans die voorsitter van die Internasionale Hokkiefederasie.

Fairweather het sy meestersgraad in Menslike Bewegingkunde aan die US in 1991 verwerf nadat hy sy honneursgraad in 1988 cum laude geslaag het.

Drie talentvolle Maties is eerste ontvangers van Russel Botman-beurs

Drie talentvolle Maties se drome van 'n beter toekoms is 'n werklikheid danksy die Russel Botman-beursfonds.

Dié studente, Sandiso Sogula, 'n nagraadse regstudent; Randall van den Heever, 'n tweedejaar Rekeningkunde-student en Soné Reens, 'n tweedejaar BSc-student (Molekulêre Biologie en Bioteegnologie), is die eerste ontvangers van die Russel Botman Beurs.

Hulle ontvang elk R85 000.



• **Wil jy graag 'n bydrae tot hierdie Fonds lewer?** Vir direkte inbetalings is die besonderhede: Standard Bank, rekeningnommer 07 300 695 5 en takkode 05 0610. Die verwysing Botman moet asb bygevoeg word.

Dr Nadia Marais wen gesogte prys



Dr Nadia Marais het onlangs die gesogte Louise en Richard Goodwin pryse vir uitnemendheid in Teologiese skryfwerk

gewen. Marais, huidiglik 'n dosent in Sisteitiese Teologie aan die Fakulteit Teologie, het die \$1 000 prys losgeslaan vir haar skryfstuk, "Lovelyn, Belhar, en Maria: Verkenning van die retoriek van belydenis as weerstand teen onreg".

Maties-atlete blink uit by SA Sporttoekennings

Die Universiteit Stellenbosch-student Charl du Toit se goue jaar duur voort – hy is onlangs by die SA Sporttoekenningsplegtigheid as die Sportman van die Jaar vir Persone met Gestremdhede aangewys. Sy oefenmaat en US-alumnus, Ilse Hayes, is vir die tweede jaar agtereenvolgens as Sportvrou van die Jaar vir Persone met Gestremdhede aangewys terwyl nóg 'n lid van hierdie oefengroep wat in Stellenbosch gebaseer is,



Dyan Buis, die Skild van Jove-toekenning ontvang het vir sy prestasies by die Paralimpiese Spele.

Aspeling loop lang pad met US

'n Hele generasie Matie-studente ken mnr Johann Aspeling as die Universiteit Stellenbosch (US) se Registrateur. Maar sy lang pad saam met die US het reeds as student begin in hierdie dorp waarvoor hy oneindig lief geword het, skryf Wayne Muller.


Hy het op 'n plaas tussen Loxton en Victoria-Wes in die Karoo grootgeword. "Ons was 14 leerders in matriek. Toe ek in 1972 op Stellenbosch opdaag om BCom te studeer is ek in Hombré-koshuis (waar die Absa-gebou vandag in Pleinstraat is) geplaas omdat dit die enigste koshuis was waar ek en my broer Peter saam plek kon kry."

Van toe tot 1978 was hy 'n student en het sy MCom en Hoëronderwysdiploma (HOD) verwerf. Hy was onder meer vir twee jaar primarius van Hombré, die Studenteraad se tesourier en later voorsitter, én het boonop vir die koshuis se Sauerbeker-rugbyspan uitgedraf en vir Maties se eerste tafeltennisspan gespeel.

"Ek was ten volle 'n Matie. Ek het in 1977 my vrou, Estelle, hier ontmoet," vertel Aspeling, wat drie kinders – seun St. Clair (getroud met Maryke), en dogters Mariné (getroud met Huibert) en Elzanne (wat in Maart 2017 met Stefan trou) – asook vier kleinkinders het.

Aspeling het in 1979 by die destydse Afdeling Toelating en Losies begin werk, ook by die buitemuurse afdeling klasgegee, en in 2001 het hy prof Serf Kritzinger as Registrateur opgevolg.

"Die US se Registrateur is die hoof van die Afdeling Akademiese Administrasie, wat onder meer verantwoordelik is vir die toelating en registrasie van studente, advies aan studente wat hul program- en vakkeuse betref, opstel van klas- en eksamenroosters, die bestuur van die eksamens



in samewerking met die fakulteite en die reël van gradeplegtighede," beskryf hy sy werk.

Daarby ingesluit is ook die verantwoordelik vir die bestuur, interpretasie en hersiening van die US se beleide, reglemente, prosedure, die US se Statuut, en die Wet op Hoër Onderwys, asook vir regsdiens en die institusionele sekretariaat.

Veral tegnologiese veranderinge het in Aspeling se tyd 'n groot invloed op die werksaamhede van die Registrateursafdeling gehad.

"Toe ek as Registrateur aangestel is, was selfone byna

uitsluitlik gebruik om oproepe te maak en te ontvang. Ons het in daardie stadium slegs per pos met studente gekommunikeer en selfs nog telegramme gestuur. Studente is met die hand geregistreer en moes daarom in lang toue staan.”

Deesdae word daar per e-pos, sms of via die US-webblad met studente gekommunikeer, en meer as 80% studente registreer aanlyn.


Maar wat omtrent sy werk het hy die meeste geniet, en wat was van die grootste uitdagings?

“As lid van die Rectorsbestuurspan was ek deurlopend betrokke by die bestuurs- en besluitnemingsprosesse van die US en dit was vir my bevredigend om ingelig en daarby betrokke te wees, hoewel dit uiteraard ook soms uitdagend was.

“Om oor die jare by studente betrokke te wees was baie stimulerend en bevredigend. Wat ek nie sal mis nie, is die meer as 100 e-posse wat daagliks in my inmandjie beland en wat dikwels ná ure beantwoord moet word,” voeg hy by.

Aspeling het onder ses US-rektore gewerk, waaronder die laaste vier as registrateur: Proff Jannie de Villiers, Mike de Vries, Andreas van Wyk, Chris Brink, Russel Botman en tans Wim de Villiers. En dan het hy ook onder vier raadsvoorsitters as registrateur gedien: mnr Desmond Smith, drr Edwin Hertzog en Paul Cluver, asook mnr George Steyn.

As Registrateur het Aspeling na aan die rektore gewerk, en van elkeen se werkswyse



bly iets hom by.

“Prof Van Wyk met sy regsagtergrond het die US op ’n uiters bekwame wyse bestuur. Prof Brink was ’n rektor wat goed voorberei het vir vergaderings en nie daarvan gehou het om af te wyk van ’n beplande agenda of werkwyse nie.

“Prof Botman was as teoloog ’n vredemaker wat, soos met sy HOOP-projek, na die gemeenskap uitgereik het. Ek moet noem dat prof Leopoldt van Huyssteen as waarnemende rektor ná die afsterwe van prof Botman op ’n uiters bekwame wyse vir nege maande deur ’n moeilike tyd die US bestuur het.

“Prof Wim De Villiers is nie net uiters slim nie,” spot hy met verwysing na De Villiers se bynaam, “Slim Wim”, “maar ek beleef hom ook as ’n uiters bekwame rektor wat deur deelnemende bestuur die US lei.”

As Aspeling nou terugkyk oor sy jare lange band met die US, is daar vele hoogtepunte – te veel om op te noem. Tog sê hy: “Die US-kampus is sekerlik een van die mooiste in die wêreld en ek het gesien hoe die tuine oor die jare heen verfraai en bome aangeplant is om die kampus mooi te maak. Vandag pluk ons die vrugte van hierdie inisiatiewe. Geboue is nie net in stand gehou nie, maar ook opgegradeer om moderne elektroniese onderrigfasiliteite te huisves.”

Ook wat onderrigmetodes en navorsing betref, het die US groot vordering gemaak, meen Aspeling.

Einde Desember 2016 lê hy die tuig neer en gaan vir eers op Vleesbaai saam met sy gesin vakansie hou. “Daarna gaan ek my vrou help om ons dogter Elzanne se troue te reël, dan Krugerwildtuin toe om saam met vriende vakansie te hou, voordat ons begin om te woel en werskaf op my grootword-plasie in die Karoo.”

Waarna hy egter die meeste uitsien, is om saam met sy vrou al die dinge te doen waarvoor daar weens werk nooit genoeg tyd was nie. “Daarna sal ons Liewe Vader wat ons lewe tot hertoe gerig het vir ons wys wat op die pad vorentoe moet gebeur,” sê hy.

“Ek wil my opregte dank teenoor die US uitspreek vir die groot voorreg wat ek gehad het om die grootste deel van my lewe hier te kon wees. Ek het dit geniet en indien ek oor kon kies, sou ek dit weer wou doen.”

Fotograaf: Stefan Els

Hoe word jy 'n entrepreneur met 'n internasionale voetspoor op 25?

Maklik: studeer BCom Bestuurswetenskappe by Maties, skryf in vir 'n semesterprogram in Tegnologie en Entrepreneurskap by Stanford Universiteit, werk saam met talentvolle spanlede om 'n slimfoontoepassing te ontwikkel en skop af, skryf Liezel Engelbrecht.

Dis is presies wat Stephanie Cowper gedoen het as die mede-stigter van BeSpecular, 'n toepassing wat siende mense met siggestremde mense verbind om hulle te help met dag-tot-dag take. Maar die proses was nie heeltemal so eenvoudig nie en dit het fyn beplanning en deursettingsvermoë geverg.

Toe sy in 2014 besig was om haar honneurs aan die US te voltooi, was sy gretig om haar voelers in die tegnologie-wêreld uit te steek. Sy het aansoek gedoen vir 'n kursus by Stanford in Kalifornië. "Dit was tydens die Junie/Julie vakansie, maar ek sou steeds 'n maand klas by die US mis. Ek moes my dosente oortuig dat ek op die werk sou inhaal, en my kennis deel," vertel sy.

As deel van haar kursus moes sy 'n kamma-besigheid skep. "Ons groep wou tegnologie



gebruik om ander te help, so ons het uit die staanspoor begin dink oor die behoeftes van kwesbare groepe. Dit was toe ons begin navorsing doen het oor mense met gestremdhede dat ons agtergekom het dat daar nie veel tegnologiese vooruitgang in die sektor is nie en dat die meeste van die hulpmiddels wat gebruik word, hardeware-gedrewe is."

Omdat siggestremdes die grootste deel van die sektor verteenwoordig, het hulle besluit om op dié groep te fokus. "Ek het ook toevallig blinde universiteitsvriende gehad," vertel Cowper. Dit was juis toe een

van haar blinde vriende 'n opinie oor 'n uitrusting vir 'n onderhoud nodig gehad het, dat die idee vir die BeSpecular-toepassing begin vorm kry het.

Hulle groep het dit ook gelukkig getref: die Amerikaanse Raad vir Blindes se jaarlikse kongres het in Las Vegas plaasgevind in dieselfde tyd wat hulle met die taak besig was. Hulle het vliegmyle by hul dosente gebedel om die kongres by te woon om hul

idee op die teikengroep te toets.

Aan die einde van hul kursus het Cowper en spanmaat Giacomo Paremeggiani, 'n Italiaanse elektroniese ingenieur, besluit om die toepassing verder uit te bou.

"Ons het 'n minimale lewensvatbare weergawe van die toepassing ontwikkel en toe deur 'n intense beta-fase toetsperiode gegaan waartydens ons mense genooi het om die produk te gebruik en terugvoer te gee voor ons die finale produk ontwikkel."

Sy het ingeskryf vir die US se Innovus Ideeskompetisie en geld gewen wat gebruik is om bemarkingsvideos te maak. Die

toepassing het nou beta-gebruikers in 37 lande en is in slimfoontoepassingswinkels in 7 lande beskikbaar. "Ons het bykans 10 000 gebruikers en ons behoort teen die einde van die jaar ons getalle te verdubbel." Cowper het ook 'n voltydse werk by 'n IT-maatskappy. Sy het onlangs die Innoveerder Erkenning-toekenning in die MTN Vroue in Informasie- en kommunikasietegnologiekompetisie ontvang en weggestap met die toekenning as die Forbes Vroue in Afrika - Tegnologie-Entrepreneur van die Jaar.

Wat jy nog moet weet

- Die toepassing benodig min data.
- As jy aansluit as 'n siende persoon moenie stres as jy nie versoeke kan beantwoord nie. Alle gebruikers ontvang 'n kennisgewing as daar 'n versoek is en sodra iemand daarop reageer sal die versoek sluit, tensy 'n persoon nog opinies wil hê.
- Algemene gebruike vir die toepassing is om te help om uitrustings saam te stel, vervaldatums te lees en om fotos te beskryf.
- Die toepassing is in Italiaans en Engels beskikbaar. Hulle is besig met die Duitse vertaling en hulle hoop om uit te brei na meer Afrika-tale.
- Besoek www.bespecular.com of laai dit gratis af in die Google Play of App Store.

Alumnus belê in die toekoms

Om 'n toekoms te bou wat tot die beste moontlike Suid-Afrika sal lei en om minderbevoorregte jong leiers se lewens positief te verander is vir alumnus Andrew le Roux 'n groot dryfveer.

Geen wonder dan dat Le Roux en sy vrou, Mercia, self 'n oud-Matie, reeds die afgelope tien jaar getroue ondersteuners van die Universiteit Stellenbosch se SciMathUS-oorbruggingsprogram is nie.

Hierdie oorbruggingsprogram is daarop toegespits om studente uit onderwysbenadeelde gemeenskappe toegang tot hoër onderwys te help verkry en hulle vir suksesvolle tersiêre studie voor te berei.

“Vandat ons van SciMathUS gehoor het, het dit al ons knoppies gedruk,” vertel Le Roux, 'n aktuaris wat vanuit Johannesburg werk. Hy sê die elemente wat hulle na SciMathUS aangetrek het, sluit in “dat opvoeding so 'n dringende behoefte (met langdurige vrug) in ons land is, die klem op wiskunde en wetenskap (waar ons harte ook lê), dat SciMathUS soveel moeite doen om hulle ‘tegniese’ benadering deurentyd te verbeter en tred te hou met nuwe tendense, en dat ons kon sien hoe hoogs begaafde



maar minderbevoorregte jong leiers se lewens vir altyd verander word”.

Dié twee het al vroeg-vroeg besluit om 'n persentasie van hulle bonusse weg te gee. “Die syfers was aanvanklik klein, maar omdat ons die persentasie vasgepen het, was dit glad nie moeilik toe die syfers later groter

word nie! Ons ondersteun 'n verskeidenheid organisasies, maar die Universiteit Stellenbosch kry altyd die eerste gedeelte.”

Hy vertel hoewel hy en sy vrou daartoe in staat is om 'n finansiële bydrae te lewer, is dit nie vir almal moontlik nie. “Miskien moet daar meer maniere geskep word vir mense om ook nie-finansiële by te dra, byvoorbeeld as mentors van studente. Ek glo mense moet net een keer die vreugde daarvan ervaar om te gee eerder as om te ontvang, om ook daaraan verslaaf te raak. Ek raai enige persoon aan wat moeg is of neerslagtig voel oor ons land om die SciMathUS-jaareindfunksie by te woon sodat hulle self daardie verhale van sukses en hoop kan beleef.”

Meer oor Andrew le Roux

Hy het in Oos-Londen grootgeword en in 1989 by Hoërskool Grens gematrikuleer. Hy het aktuariële wetenskap as studierigting gekies omdat wiskunde sy gunstelingvak was. Hy het met 'n beurs van Old Mutual studeer, en is 'n voormalige Eendragter. Ná vier jaar op Stellenbosch het hy 22 jaar lank in 'n verskeidenheid hoedanighede vir Old Mutual gewerk. Hy woon sedert 2008 in Johannesburg, maar ondersteun steeds die Stormers/WP! Hy speel golf, versamel wyn en het onlangs sy vyfde Twee Oseane-marathon voltooi. Hy en Mercia is 21 jaar getroud, en hulle kinders is André (15), Suzanne (13) en Charl (9).



Maak reg vir TUISKOMS 2017!

Ons eerste Maties Tuiskomsnaweek vir alumni in Maart vanjaar was 'n reuse-sukces, en ons tref reeds voorbereidings vir Tuiskoms 2017 – kompleet met 'n verskeidenheid opwindende, pasgemaakte aktiwiteite, spesiaal vir al ons oudstude



Hier is 'n kykie na wat vir Tuiskomsnaweek 2017 beplan word.

Die Tuiskoms- en Familienaweek 2017 sal van **2 tot 6 Maart 2017** op die Stellenbosch-kampus plaasvind en ons sit ons vennootskap met die **US Woordfees** voort.

Vir diegene wat van elders in die land of wêreld kom, bespreek gerus vroegtydig verblyf, want Stellenbosch is gewoonlik 'n miemes van bedrywighede in daardie tyd.

Ons skop af met 'n openingskonsert in samewerking met die Woordfees, waar 'n hele aantal gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaars en musikante (insluitend Corlea, Jannie Moolman, Timothy Moloi, Lindiwe Bongani en Joseph Clark, onder andere) by Coetzenburg op die verhoog te sien sal wees. Ons het ook 'n spesiale BBP-area opsygesit spesiaal vir jou.

Interessante fakulteitsgesprekke sal weer plaasvind: Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beplan byvoorbeeld 'n paneelbespreking oor die stand van die ekonomie en loopbaankeuses vir die arbeidswêreld in 2050. Die ander fakulteite sal ook verskeie ander gesprekke en

debatte aanbied, so wees op die uitkyk na hierdie reeks "Terug Klas Toe"-fakulteitspraatjies.

Alumni sal ook 'n geleentheid ontvang om aan sport- en ontspanningsgeleenthede deel te neem. Dit sluit in 'n Noord vs Suid-gholffuitdaging, 'n vroegoggend-familiepretdraf by Coetzenburg, of 'n bergfietsrit.

Ook weer op die agenda is klasreünies, waar jy die huidige dekaan, vorige dekane sowel as voormalige en nuwe professore kan ontmoet en opnuut kan bande bou met van jou klasmaats met wie jy ná universiteit kontak verloor het. Daar sal ook 'n hele klomp koshuisreünies gedurende die Tuiskomsnaweek wees, soos Huis Ten Bosch wat hulle 80ste verjaardag sal vier.

Vertel ander Maties van Tuiskoms 2017 en volg ons sosialemediaplatforms sowel as www.matiesalumni.com vir gereelde nuus en ons volledige aktiwiteitsprogram.

Ons sien daarna uit om jou in 2017 in Matieland terug te verwelkom!

• Vir meer inligting, kontak ons by alumni@sun.ac.za of tel +27 (0)21 808 9265.



Alumni Kantoor

Victoriastraat, Admin B, 3de Vloer

+27 21 808 9266
+27 86 611 0138

 Stellenbosch University
Alumni (Maties) and
Friends

 [www.facebook.com/
stellenboschalumni](http://www.facebook.com/stellenboschalumni)

 [www.twitter.com/
SU_Alumni](http://www.twitter.com/SU_Alumni)

 YouTube

 alumni@sun.ac.za

 www.sun.ac.za/afrikaans/alumni